SA Media - The University of the Orange Free State
Page: 1
Source: IMPAK
Date: 30-Mar-2001
Topic: 33
Ref No: 1676
1
ID: 02670690-01
Source Page: 2

# Volk skep self sy toekoms

## * Aucamp in begrotingsdebat

MEDEWERKER

**KAAPSTAD - 'n Volk skep self sy eie toekoms en is daarom nie uitsluitlik aangewese op beloftes van andere nie, het mnr. Cassie Aucamp, parlementslid en leier van die AEB hier in die begrotingsdebat gesê.**

Aucamp het die kwessie van die Vryheidsfrontleier, genl. Constand Viljoen, se aangekondigde bedanking as partyleier en LP as tema in die toespraak gebruik.

Aucamp het gesê genl. Viljoen het met sy uittrede gewag gemaak van die "futiliteit van sy beste pogings om in hierdie huis te beding vir dit wat vir sy mense belangrik is; dat die ANC deur blote meerderheidsdominasie en onvervulde beloftes die pad finaal vir hom toegemaak het."

"Ek hoop dat die agbare lede van die regerende party daarvan kennis geneem het. Dit help nie om mooi kranse op iemand se politieke graf te plaas, as jy jou vir sewe jaar nie werklik aan hom gesteur het nie."

"Aan die ander kant moet ons onthou: 'n volk se toekoms word nie deur ander geskryf nie, maar deur homself. "Skep u eie toekoms", is die bekende slagspreuk."

"Daartoe wil die AEB sy beskeie deel bydra deur steeds ons saak te stel hier, vanaf die hoogste podium in die land, en deur instrumenteel te probeer wees tot die saamsnoer van hulle wat hul ook polities wil beywer vir dit wat vir ons kosbaar is."

"Ook het ek waardering vir die band van vriendskap wat daar tussen ons twee gesinne ontstaan het. Ek en Ina sal dit verseker mis."

"Dit is tog jammer dat hierdie vriendskap nie neerslag kon vind in die noodsaaklike bymekaarbring van wie uit innerlike oortuiging bymekaar hoort nie," het Aucamp gesê.

Oor die begroting het Aucamp die volgende positiewe elemente uitgewys:

* Die verhoging van die intreevlak van belastingpligtigheid tot R23 000 moet verwelkom word.
* Die aanwending van R19 miljard uit privatisering bring die begrotingstekort af tot ongeveer R7 miljard en moet verwelkom word.

"In die verband, 'n ernstige versoek: Die R 3 miljard wat addisioneel tot u begroting te wagte is uit die SASRIA-fonds: dat hierdie R 3 miljard uitsluitlik aangewend moet word om misdaad in Suid-Afrika te oorwin."

"Fondse in die SASRIA- fonds is deur die publiek bygedra om hulle te dek teen verliese verwant aan 'n onsekere veiligheidsituasie gedurende die vorige bewind. Nou is dit *money from home*."

"Wend hierdie fondse op verwante wyse aan: om veiligheid en sekuriteit in Suid-Afrika te verseker. SASRIA is veiligheidsgeld. Hou dit daarby!"

* "Die begroting ken R17,1 miljard toe aan die SAPD, wat 'n styging van R1,4 miljard op die vorige boekjaar behels."

" 'n Addisionele R3 miljard kan die wêreld se verskil maak en daartoe meehelp dat eens en vir altyd 'n uitklophou geslaan word teen misdaad in Suid-Afrika."

" 'n Uitklophou teen misdaad soveel sal bydra tot beleggersvertroue en ekonomiese groei, dat so 'n eenmalige inspuiting oor en oor die moeite werd sal wees," het Aucamp gesê.